GRYSHOND
WERKBOEKE

# AFRIKAANS
# EERSTE ADDISIONELE TAAL
# WERKBOEK

## GRAAD 9 (IEB)

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL WERKBOEK

## GRAAD 9 (IEB)

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie werkboek mag op enige manier sonder toestemming gekopieer word nie

**ISBN: 978-1-0492-1821-2**

**Eerste uitgawe 2026**

KONTAKBESONDERHEDE:

margie.markservices@gmail.com

Sel: 082 769 5506

# VOORWOORD

## Vir die onderwyser

Alle verwysings na assesserings is slegs 'n aanduiding van waar assesserings moontlik sou kon plaasvind. Assesserings behoort dus plaas te vind na gelang van indiwiduele behoeftes.

As gevolg van kopieregvoorskrifte is geen van die gedigte in hierdie werkboek afgedruk nie. Die gedigte is beskikbaar in die bundels soos aangedui.

Kopiereg voorbehou 2026

# INHOUD


| | |
|---|---|
| **1. Ek en my skool**<br><br>Woordeskat: Invuloefening<br>Leesbegrip: artikel<br>Sinstruktuur: Woordorde<br>Woordstrukture: Meervoud en Verkleining<br>Woordstrukture: Konsolidasie | **7** |
| **2. In die winkelsentrum**<br><br>Woordeskat: Kommunikasie<br>**Assessering: Skryf – Dialoog**<br>Leesbegrip: Advertensies<br>Sinstruktuur: Tye<br>Woordstruktuur: Antonieme / Teenoorgesteldes<br>Woordstrukture: Konsolidasie<br>Gedig: Verlore potloodsakkie – Ilna Stander | **21** |
| **3. Sosiale media en verhoudings**<br><br>Woordeskat: Kommunikasie<br>Leesbegrip: Spotprent<br>**Assessering: Begripstoets**<br>Sinstruktuur: Voegwoorde<br>Woordstruktuur: Intensiewe vorm<br>Woordstrukture: Konsolidasie<br>**Assessering: Luisterbegrip** | **39** |
| **HERSIENING: Woord- en sinstrukture** | **48** |

| | |
|---|---|
| **4. Vakansietyd**<br><br>Woordeskat: Vertaling<br>**Assessering: Voorbereide praatjie**<br>Leesbegrip: Artikel<br>Sinstruktuur: Infinitief<br>Sinstruktuur: Ontkenning<br>Woordstruktuur: Bywoorde<br>**Assessering: Taaltoets**<br>Gedig: Pleitskrif vir die aarde – Fanie Viljoen | **51** |
| **5. Sterre en ikone**<br><br>Woordeskat: Kommunikasie<br>Leesbegrip: Visuele teks – foto<br>Woordstruktuur: Voornaamwoorde<br>Sinstruktuur: Direkte en indirekte rede<br>Woordstruktuur: Trappe van vergelyking<br>Woordstruktuur: Afkortings<br>Gedig: Helde – Elizabeth Conradie | **65** |
| **6. Musiek en flieks**<br><br>Woordeskat: Blokkiesraaisel<br>Leesbegrip: Opsomming<br>**Assessering: Skryf – Prosesskryf**<br>**Assessering: Luisterbegrip**<br>Sinstruktuur: Lydende vorm<br>Woordstrukture: Telwoorde en Tys<br>Woordstrukture: Konsolidasie | **80** |

| | |
|---|---|
| **HERSIENING: LYDENDE VORM & INDIREKTE REDE** | **96** |
| **7. Strokiesprente**<br><br>Woordeskat: Visuele geletterdheid – strokiesprente<br>Leesbegrip: Strokiesprente<br>**Assessering: Skryf – Kreatiewe skryf**<br>Sinstruktuur: Betreklike voornaamwoorde<br>Woordstruktuur: Byvoeglike naamwoorde<br>Gedig: moenie die smiley vergeet nie – Jelleke Wierenga | **98** |
| **8. Wat lees jy?**<br><br>Woordeskat: Terminologie vir stories<br>**Assessering: Onvoorbereide praat – rolspel**<br>Leesbegrip: Resensie<br>Woordstrukture: Voorsetsels<br>Persoonsname<br>Konsolidasie: Woord- en sinstrukture | **113** |
| **HERSIENING 1: Woord- en sinstrukture** | **126** |
| **HERSIENING 2: Woord- en sinstrukture** | **130** |

# 1 EK EN MY SKOOL

## WOORDESKAT: Invuloefening

**Vul die vorm in, en stel jouself aan jou klasmaats voor (*introduce*):**



[BRON: M365 Copilot]

My naam en van is: ____________________

Afrikaans; Engels; Wiskunde; Wetenskap; Lewenswetenskap; Aardrykskunde; Geskiedenis; Musiek; Visuele kuns; Drama; Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe; Inligtingstegnologie (IT)

My gunstelingvakke (*subjects*) is: ____________________

____________________

____________________

Hokkie; Swem; Waterpolo; Basketbal; Netbal; Atletiek; Roei; Muurbal; Gholf; Duik; Perdry

My gunstelingsportsoorte is: ____________________

____________________

Skaak; Koor; Marimbas; Orkes; Jazz-orkes; Toneel; Tegnologieklub

Die kultuuraktiwiteite wat ek die meeste by die skool geniet (*enjoy*), is:

________________________________________

________________________________________

My stokperdjies (*hobbies*) is:

________________________________________

________________________________________

Ons skoolhoof is: ______________________________

Gee een interessante feit oor jou skoolhoof:

________________________________________

Onderwyser; Dokter; Apteker; Prokureur; Ingenieur; Afrigter; Sielkundige; Rekenmeester; Argitek; Ontwerper; Mode-ontwerper; Wynboer; Dosent; Renjaer; Joernalis

Wat is jou toekomstige (*future*) werk, en hoekom?

________________________________________

________________________________________

Wat is die beste ding van jou skool? Skryf twee dinge neer:

________________________________________

________________________________________

Ons skool se leuse (*motto*) is:

________________________________________

Skryf ons skool se leuse in Afrikaans:

________________________________________

Kopiereg voorbehou 2026

## LEESBEGRIP: Artikel

**Lees die teks, en beantwoord die vrae daaroor.**

# Nuwe Ingenieurskursus vir Emily

**<u>Amanda Roestoff</u>**



1. Sy is nie sommer met ‘n tweede plek tevrede nie. Boonop is sy beslis baie kompeterend.

2. So sê Emily De Villiers (18), voormalige skoolleier en kaptein van die College of Excellence in Johannesburg se eerste roeispan, wat agt A’s in haar matriekeksamen behaal het.

3. Sy gaan by die Universiteit van Kaapstad studeer vanweë sy goeie akademiese reputasie. Emily is ook baie opgewonde omdat daar ‘n roeiklub is. Sy vertel net so opgewonde oor haar toekomsplanne om haar as ‘n mikro-elektroniese ingenieur te kwalifiseer.

4. Die nuwe graadkursus is ‘n kombinasie van meganiese en elektroniese ingenieurswese.

5. Emily, die oudste dogter van Michael, ‘n myningenieur, en Kerryn, ‘n onderwyser, het onderskeidings behaal in Afrikaans, Engels, Frans, aardrykskunde, lewensoriëntering, wiskunde, gevorderde program wiskunde en fisiese wetenskappe.

6. Sy droom daarvan om eendag ‘n ruimtevaarder te word, en dalk nog vir die Amerikaanse ruimte-agentskap (Nasa) te werk.

7. Sy het volle erekleure vir akademie en roei verwerf, en ook erkenning vir gemeenskapsdiens en omgewingsake gekry.

8. Daarby was sy ‘n kranige netbalspeler.

9. Emily hou vakansie in Mosambiek en Kenton, naby Port Alfred.

[BRON: *Aangepas uit: Beeld, Januarie 2013*]

**WOORDESKAT**

**Soek Afrikaanse woorde in die teks vir die Engelse woorde in die tabel:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| *course* | | *leader* | |
| *rowing team* | | *excited* | |
| *future plans* | | *degree* | |
| *engineer* | | *distinction* | |
| *geography* | | *life orientatiom* | |
| *astronaut* | | *honours* | |
| *community service* | | *environment* | |

**VRAE**

1. Wie is "sy" in paragraaf 1?

___________________________________________

2. Watter twee leiersposisies het Emily by haar skool gehad?

___________________________________________

___________________________________________

3. Gee twee redes hoekom Emily die Universiteit van Kaapstad gekies het.

___________________________________________

___________________________________________

4. Voltooi die sin. Skryf die woorde wat weggelaat is:

Emily wil eendag 'n ____________________ word. Sy volg in haar pa se voetspore, want hy is 'n ____________________, terwyl haar ma 'n ____________________ is. Dit is haar droom om eendag vir ____________________ te werk as 'n ____________________.

5. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord deur **ses opeenvolgende woorde** aan te haal.

**Emily het op skool in beide akademie en sport presteer (*achieved*).**

___________________________________________

6. Kies die korrekte opsie.
Emily was "'n kranige netbalspeler" (paragraaf 8).
Dit beteken sy was 'n ... netbalspeler.

A entoesiastiese
B gemiddelde (*average*)
C vrot
D sosiale

## SINSTRUKTUUR: WOORDORDE

**Subject + Verb 1 + Time + Object + Manner + Place + Verb 2 + Infinitive**

**Stelsin:**

**S v1 T O M P v2 I**

**Negatiewe sin:**

**S v1 nie T O M P v2 I nie**

**Skryf die sinne oor met die korrekte woordorde.**



[BRON: M365 Copilot]